HOËRSKOOL

# DURBANVILLE

## PROSPEKTUS




DURBANVILLE
H S
LABOR ORNAT

#TrotsDurbanville

*Die Skool Waar Elkeen Iemand Is*

# UIT DIE KANTOOR

GEAGTE OUER/VOOG

U is tans besig om die Hoërskool Durbanville te oorweeg as een van die skole waarheen u u kind wil stuur vir sy of haar hoërskoolopleiding. Ons weet dat u u kind se belange op die hart dra en daarom 'n ingeligte keuse wil maak.

Ons glo dat die inligting in ons brosjure u hiermee kan help. Indien u meer inligting verlang, is u natuurlik baie welkom om ons te skakel.

Ons is 'n skool met 'n akademiese inslag en ons strewe na uitnemendheid. Ons hang 'n holistiese opvoedingsfilosofie aan waardeur ons wil seker maak dat ons leerders die geleentheid kry om hulself voor te berei vir hulle gekose loopbane, maar waardeur hulle ook leer om hulle plekke as afgeronde landsburgers in die samelewing in te neem.

Ons plaas 'n hoë premie op vernuwende denke in die onderwys en ons personeel doen dan ook spesiale moeite om by te bly by die nuutste onderwysontwikkelings. Ons meng dit egter ook met 'n groot skep tradisionele waardes - daarom is 'n gedissiplineerde skoolomgewing, goeie maniere en goeie sportmanskap vir ons belangrike elemente in die akademiese opvoeding van ons leerders.

Dit is vir ons belangrik om 'n ouerkorps te hê wat ingelig is en wat betrokke is en ons doen spesiale moeite om geleenthede hiervoor te skep.

Ons hou van 'n lewendige skoolgemeenskap en skep dan ook baie geleenthede vir ons leerders om hulle op verskeie terreine uit te leef - hier praat ons van gereelde toneelopvoerings, debatte, uitstappies, musiek-aande, sportbyeenkomste, modeparades en nog vele ander.

Indien u u keuse ten gunste van ons uitoefen, hoop ons dat die verbintenis tussen ons en u 'n aangename een sal wees wat tot voordeel van u kind sal strek.

Durbie-groete

Coenie Venter



**t 021 976 3188**
**f 021 976 3189**
**admin@durbanvillehs.co.za**
**www.durbanvillehs.co.za**
**Langenhovenstraat, Durbanville 7550**
**Posbus 417, Durbanville 7551**

# ALGEMEEN

## VISIE EN MISSIE

Die Hoërskool Durbanville is 'n toonaangewende skool waar ondervvys op 'n professionele, voortreflike en aanpasbare wyse in Afrikaans aangebied word. Hier word 'n vrugbare leeromgewing geskep, geborge in dissipline en waardes sodat alle rolspelers gelukkig sal wees.

Die filosofie van opvoeding aan hierdie instelling berus op die volgende kernwaardes:

- Verdraagsaamheid
- Voortreflikheid
- Respek
- Selfdissipline
- Lojaliteit

## LEUSE EN SKOOLIED

Labor Ornat – Werk versier
Oor Koeberg se heuwels
met golwende graan
Ons blik op die ooste
die oggendson staan
simbool van die jeug
met die toekoms nog voor
die durf om te werk
en nie moed te verloor

Dit sterk en verdiep ons geloof en ons trou
aan ons skool en ons leuse
LABOR ORNAT!

Ons sal werk om die roem
van die skool te behou
getrou aan ons leuse
LABOR ORNAT!

## GESKIEDENIS

Die Hoërskool Durbanville is geleë in die hartjie van die pragtige landelike dorp Durbanville. 'n Baie nou band is gesluit met die gemeenskap van die dorp en deur die jare het ouers, ander inwoners van die dorp en omgewing en onderwysers meegewerk om hier 'n trotse opvoedkundige tradisie te vestig. Een van die uitvloeisels van hierdie tradisie is dat ons aangewys is as een van die top 100 skole in Suid-Afrika - 'n prestasie waarop ons baie trots is. 'n Sertifikaat vir volhoubare prestasie is ook in 2003 aan ons toegeken.

Die skool het 'n trotse geskiedenis wat uit 1827 dateer. Deur die jare heen het ons oudleerders diep spore getrap op verskeie gebiede. Die wonderlike is dat hulle nooit hulle alma mater vergeet het nie. Dit kan ons sien uit die feit dat daar gereeld reünie gehou word en dat ons oudstudente ons gereeld kom besoek.

Van ons nederige begin in 1827 het ons gegroei tot 'n spog Afrikaansmedium-skool met puik fasiliteite.

## OORSIG

Daar is op die oomblik ongeveer 1000 leerders in die skool. Dit is ook die maksimum wat ons kan huisves. Hulle het toegang tot drie Internet-gekoppelde rekenaarsentrums, moderne fasiliteite in die klaskamers, 'n ouditorium wat met 'n skouburg vergelyk kan word en uitmuntende fasiliteite vir ons sportdeelnemers.

Ons poog gedurig om ten volle op die hoogte te wees

van nuwe tendense in die onderwys en ons koppel ons opvoedingsprogramme ook aan die norme van ons gemeenskap.

Ons leerders word gelei om selfstandig en oorspronklik te dink. Op dié manier glo ons dat ons leiers vir môre oplei. Ons plaas ook 'n groot premie op die beroepsgereedmaking van ons leerders. Ons is voortdurend besig om vakkeuses en vakinhoude te ondersoek en aan te pas om ons leerders die beste geleenthede moontlik te gee.

In die paar bladsye wat volg, verstrek ons inligting wat u nodig mag vind. Indien u meer oor 'n sekere aspek wil weet, kan u die skool gerus skakel.

## KOSHUIS

Ons is trots om te kan sê dat die Hoërskool Durbanville 'n koshuis het wat daarna streef om uitnemende verblyf aan leerders van die Hoërskool Durbanville te voorsien. Kortliks bied ons die volgende:

- Skoon en netjiese verblyffasiliteite vir 40 dogters en 40 seuns
- Toegewyde koshuispersoneel: Superintendent, Matrone & diensdoenende personeel
- 'n Huislike atmosfeer
- 'n Gedissiplineerde omgewing
- Goeie fasiliteite
- 'n Uitstekende kombuis met drie voedsame maaltye per dag

Dit is veral in die lig van sport- en ander buitemuurse aktiwiteite waaraan kinders deelneem, of graag sou wou deelneem, waar die koshuis 'n groot voordeel inhou. Die vervoer van kinders het ook 'n addisionele finansiële implikasie.

Met die bogenoemde in ag geneem, wil ons graag aan u die geleentheid bied om vir u kind aansoek te doen vir die koshuis.

U kind sal baat deurdat hy/sy sorgvry kan meedoen aan enige buitemuurse aktiwiteite wat die Hoërskool se wye spyskaart bied sonder om deur vervoertye aan bande gelê te word. Ons wil dit graag beklemtoon dat daar slegs beperkte verblyf beskikbaar is. Die plekke wat wel beskikbaar is, wil ons graag vul met uitnemende leerders wat vir hul skool, en die gemeenskap 'n aanwins is. 'n Keuringsproses sal dus plaasvind alvorens 'n kind toelating verkry.

Indien u sou belangstel en meer inligting wil bekom, kontak gerus die Superintendent by die telefoon-nommers soos aangedui op die webblad. Doen asb. vroegtydig aansoek vir volgende jaar.

Rig navrae aan: Koshuisvader - 021 976 2111

## KOMMUNIKASIE

Kommunikasie tussen die ouerhuis en skool is noodsaaklik vir effektiewe onderrig. Dit word op die volgende wyses bewerkstellig:

- Ouers word vanaf 2019 aangemoedig om gebruik te maak van die D6 Connect App.
- 'n Nuusbrief word gereeld aan elke huisgesin verskaf waardeur ouers op die hoogte van sake rakende die skool gehou word.
- Gereelde ouer- en inligtingsaande
- Sms'e
- Ouers word ook aangemoedig om van die volgende kanale gebruik te maak:

| | |
|---|---|
| Voorligter: | Vakkeuse, beroepskeuse, studiemetodes en probleme van 'n sosiaal sielkundige en vertroulike aard. |
| Graadhoof: | Dissiplinêre aangeleenthede, skoolbywoning, skolastiese vordering, aanpassingsprobleme en sake van ernstige of vertroulike aard. |
| Adjunkhoofde: | Oorhoofse dissiplinêre-, akademiese- en administratiewe aangeleenthede. |
| Skoolhoof: | Sake van ernstige, vertroulike of sensitiewe aard, personeelaangeleenthede, onderrigaangeleenthede, skoolverlating, aansoek om toelating, ernstige dissiplinêre aangeleenthede en algemene skoolbeleid. |

U word vriendelik versoek om vroegtydig 'n afspraak te maak indien u 'n onderhoud met enige van bogenoemde verlang.

## SKOOLFOOIE

Die volgende fooie is betaalbaar soos bepaal deur die beheerliggaam en word jaarliks aangepas op grond van 'n goedgekeurde begroting:

- Onderriggelde
- Notageld
- Bybetaling op sekere vakke (bv. Rekenaarstudie vooruit betaalbaar, Musiek)
- Bankbesonderhede van skool: ABSA rekeningnommer: 01005353935 takkode: 334810 (Kontak die skool indien u nie seker is van die verwysing wat u moet gebruik nie.)

## HANDBOEKE EN SKRYFBEHOEFTES

Onderrigfooie sluit nie die aankoop van handboeke of skryfbehoeftes in nie. Dit bly die verantwoordelikheid van die ouer/voog. Die skool skep egter 'n geleentheid aan die begin van die jaar waartydens leerders handboeke en skryfboeke by die skool kan aankoop.

'n Tweedehandse boekverkoping word aan die einde van elke jaar gereël waartydens leerders tweedehandse handboeke kan aankoop.

## BELEID TEN OPSIGTE VAN DEPARTEMENTELE HANDBOEKE: GRADE 8-12

Die Wes-Kaapse Onderwys Departement (WKOD) voorsien jaarliks handboeke aan leerders in Grade 8-12.

Hierdie boeke bly die EIENDOM van die WKOD en word aan leerders verskaf aan die begin van elke jaar. Die boeke moet dus aan die einde van die jaar aan die skool terugbesorg word.

- Elke leerder het die verantwoordelikheid om aan die einde van elke jaar op ooreengekome datums hierdie boeke aan die skool terug te gee. Indien 'n leerder nalaat om dit te doen, of indien die boeke in 'n baie swak toestand is, sal ouers verantwoordelik gehou word vir die betaling van die vervanging van die boeke.
- Indien 'n leerder op enige stadium die skool verlaat, MOET hierdie boeke aan die skool terugbesorg word.
- Indien 'n leerder nie die boeke terugbesorg nie, sal u as ouers 'n rekening ontvang vir die vervangingsbedrag van die boeke. Terselfdertyd sal 'n leerder ook nie 'n oorplasingsvorm ontvang indien die WKOD-boeke uitstaande is nie.
- Indien enige WKOD-boeke uitstaande is aan die begin van 'n nuwe jaar, sal 'n leerder nie WKOD-handboeke ontvang voordat die uitstaande boeke nie terugbesorg is en/of die vervangingswaarde aan die skool betaal is nie.
- Wanneer 'n leerder sy/haar boek(e) verloor, moet die boek(e) op eie onkoste vervang word. Boeke sal dan deur die Boekekamer bestel en aangekoop word.

## AANSOEKE

Die volgende moet u aansoek vergesel:

- Afskrif van ID-dokument/geboortesertifikaat (leerder)
- Afskrif van jongste skoolrapport
- Administrasiefooi (nie verpligtend)
- Oorplasingsvorm (beskikbaar by laerskole of u kind se vorige skool)
- Afskrif van ID (Beide ouers of voog)
- Afskrif van munisipale rekening

# AKADEMIES

## HULPKLASSE

Die personeel is Dinsdae en Donderdae na skool beskikbaar om hulp te verleen aan leerders wat dit benodig. Leerders kan afsprake met hul vakonderwysers maak. Ons wil u kind aanmoedig om hierdie fasiliteit te gebruik.

## STUDIEROOSTER

Ondervinding het geleer dat sukses op akademiese gebied bereik kan word indien die leerder die regte studiemetodes volg en gereeld studeer. U aanmoediging en onderskraging is baie belangrik vir u kind. Help hom/haar dus om 'n studeerdissipline aan te kweek.

Die volgende ure kan as riglyn dien:

| | |
|---|---|
| Graad 8: | ongeveer I ½ uur per skooldag |
| Graad 9: | ongeveer 2 uur per skooldag |
| Grade 10 - 12: | ongeveer 3 tot 4 uur per skooldag |

## EVALUERINGSTELSEL

Leerders in grade 8 tot 11 skryf twee eksamens per jaar: JUNIE en NOVEMBER. Ons graad 12's skryf ook in SEPTEMBER 'n eksamen.

Hierbenewens word toetsreekse deurlopend deur die jaar geskryf. Toetse word hoofsaaklik op Dinsdae en Donderdae afgeneem. Benewens die toetse volg die verskillende vakrigtings ook 'n stelsel van deurlopende evaluering in die klaskamers. Meer inligting hieromtrent sal by navraag deur die verskillende vakhoofde aan u voorsien kan word.

## SKOOLTYE

Maandag tot Vrydag:
Skool begin 07:45 vir alle grade.
Skool sluit 14:30 vir alle grade.

## VAKKEUSE

### VAKKEUSE: GRAAD 8 & 9

| | |
|---|---|
| TGK | Taal, Geletterdheid en Kommunikasie: Afrikaans & Engels |
| SW | Sosiale Wetenskappe |
| TEG | Tegnologie |
| WGWWW | Wiskundige Geletterdheid, Wiskunde en Wiskundige Wetenskappe |
| NW | Natuurwetenskappe |
| SK | Skeppende Kunste |
| EBW | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| LO | Lewensoriëntering |

### VAKKEUSE: GRAAD 10-12

Kies EEN vak vanuit Groep 2 asook Groep 3.
Kies EEN vak uit Groepe 5,6,7.

**GROEP 1**
Afrikaans Huistaal

**GROEP 2**
Engels Huistaal of
Engels Eerste Addisionele Taal

**GROEP 3**
Wiskunde
Wiskundige Geletterdheid

**GROEP 4**
Lewensoriëntering

**GROEP 5**
Ekonomie
Fisiese Wetenskappe
Geskiedenis
Lewenswetenskappe
Ontwerpkuns/Visuele Kunste by Tygerberg Kunssentrum
Visuele Kunste (by skool)

**GROEP 6**
Dramatiese Kunste
Inligtingstegnologie (IT)
Fisiese Wetenskappe
Lewenswetenskappe
Musiek
Ontwerpkuns/Visuele Kunste by Tygerberg Kunssentrum

**GROEP 7**
Geografie
Ingenieursgrafika en Ontwerp
Ontwerpkuns/Visuele Kunste by Tygerberg Kunssentrum
Rekeningkunde
Verbruikerstudie
Agtste vak (opsioneel)
Ontwerpkuns/Visuele Kunste by Tygerberg Kunssentrum
Addisionele Wiskunde

Die volgende is vir u van belang:

- Graad 8- en 9-leerders neem nege verpligte vakke.
- Leerders mag vanaf graad 8 Musiek as byvak neem (klavier of instrument), mits hulle oor die nodige vaardigheid beskik. Die vaardigheid sal deur ons musiekonderwysers geëvalueer word.

# BUITEMUURS

## SPORT

Ons voorsien 'n volledige buitemuurse program aan ons leerders en ons verwag van hulle om aan een winter- en een somersport deel te neem. Moedig, asseblief u kind aan om deel te neem. Sport ontwikkel nie net die deelnemer liggaamlik nie, maar ook geestelik. Oomblikke gedeel op die sportveld word die mooi herinneringe van die toekoms. Sportvriende is gewoonlik ook lewenslange vriende.

Ons bied die volgende sportsoorte aan:

SOMER:

- Atletiek (seuns en dogters)
- Hokkie (seuns en dogters)
- Krieket
- Swem (seuns en dogters)
- Tennis (seuns en dogters)

WINTER:

- Bergfiets (seuns en dogters)
- Gholf
- Hokkie (seuns en dogters)
- Landloop (seuns en dogters)
- Netbal
- Rugby
- Skaak (seuns en dogters)

Ten volle gekwalifiseerde afrigters rig die deelnemers af.

## KULTUUR

Ons het 'n baie lewendige verenigingslewe en daar is beslis ten minste een waarby u kind sal kan inskakel. Moedig hom/haar asseblief aan om aan te sluit. Dit skep die moontlikheid om lewensvaardighede te ontwikkel.

Die volgende verenigings funksioneer in ons skool:

- CSV
- Debat en Redenaars (Afrikaans)
- Toneel
- Skoolkoerant
- Penjuwele
- Blaasorkes
- Koor

## LEIERSKAP

Leerders word die geleentheid gebied om op verskeie terreine hul leierskap te ontwikkel. Buiten op sport- en kulturele gebiede word leiers demokraties deur leerders verkies as:

- Studenteraadslede
- Matriekraadslede
- Graadrade
- Klaskapteins

# SKOOLBELEID

## GEDRAGSKODE VAN DIE HOËRSKOOL DURBANVILLE

**(SOOS VASGESTEL DEUR DIE BEHEERLIGGAAM NA OORLEGPLEGING MET LEERDERS, OUERS EN OPVOEDERS SOOS VEREIS DEUR ARTIKEL 8 VAN WET 84 VAN 1996)**

## INLEIDING

Hierdie dokument is die gedragskode van Hoërskool Durbanville. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18 900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1 140 in Staatskoerant 31 417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1 040 in Staatskoerant 22 754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

## DOEL

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dit aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragskode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.

Die doel van hierdie gedragskode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses. Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.

Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

## DIE ETOS EN FILOSOFIE VAN DIE HOËRSKOOL DURBANVILLE

Die opvoeders en leerders van die Hoërskool Durbanville streef daarna om 'n toonaangewende skool te wees waar onderwys in Afrikaans op 'n professionele, voortreflike en aanpasbare wyse aangebied word en waar 'n vrugbare leermilieu geskep word, geborge in dissipline en waardes wat vir die gemeenskap belangrik is, sodat alle rolspelers gelukkig sal wees.

## DIE REËLS VAN DIE HOËRSKOOL DURBANVILLE

Alle reëls wat hierna uiteengesit word, word uitgelê en vertolk teen die agtergrond van die etos en filosofie van die Hoërskool Durbanville, soos in hierdie gedragskode uiteengesit.

### 1. DIE ALGEMENE REËLS

1.1. Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra.

1.2. Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag en voorkoms weerhou wat die skool, personeel of hul medeleerders in 'n slegte lig kan stel.

1.3. In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom.

1.4. In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe aanleiding kan gee.

1.5. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek, waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.

1.6. 'n Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.

1.7. Leerders mag nie in die skoolgebou eet of drink nie. Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.

1.8. Selfoongebruik gedurdende skoolaktiwiteite is streng verbode. Oproepe mag slegs in noodgevalle en met die toestemming van die onderwyser gemaak word.



1.9. Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, drank ander alkoholiese middels of dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, is verbode.

1.10. In geval van redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of ander skadelike en gevaarlik middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nog 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.

1.11. Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

1.12. Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

1.13. Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk tot:

- 1.13.1. optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;
- 1.13.2. die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens;
- 1.13.3. die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard;
- 1.13.4. bakleiery, aanranding of mishandeling;
- 1.13.5. onsedelike gedrag of 'n gevloek;
- 1.13.6. die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit;
- 1.13.7. enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;
- 1.13.8. diefstal of die besit van gesteelde goedere wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;
- 1.13.9. onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skooleiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit;
- 1.13.10. oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of-leerders;
- 1.13.11. herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
- 1.13.12. strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
- 1.13.13. viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders;
- 1.13.14 die oortreding van eksamenreëls; en
- 1.13.15 opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

## 2. SKOOLBYWONING

2.1. Leerders moet die skool en alle klasse daagliks bywoon.

2.2. Leerders wat laat by die skool opdaag, moet by die Skoolhoof, of gevolmatigde persoon, aanmeld.




2.3. 'n Leerder wat van skool afwesig is se afwesigheid moet op die eerste dag van terugkeer verklaar word met 'n verduidelikende brief of nota van die betrokke leerder se ouer of voog.

2.4. 'n Leerder se afwesigheid weens siekte tydens toetse of eksamens word slegs by wyse van 'n mediese sertifikaat of 'n geldige rede, onderworpe aan die Skoolhoof se diskresie, verklaar.

2.5. Verlof om die skoolterrein te enige tyd te verlaat, word slegs van die Skoolhoof, of gevolmatigde persoon, verkry en waar sodanige afwesigheid genoodsaak word deur dringende afsprake moet verlof daarvoor skriftelik van die Skoolhoof aangevra word op die dag wat die afwesigheid voorafgaan.

## 3. SPORT - EN KULTURELE AKTIWITEITE

3.1. Leerders moet sover moontlik daarna streef om aan een of meer sportsoorte deel te neem en by een of meer kulturele aktiwiteit betrokke te raak.

3.2. Leerders laat nooit hulle medeleerders of afrigters in die steek deur van oefeninge, wedstryde of optredes weg te bly sonder om vooraf verskoning daarvoor aan te bied nie.

3.3. Bywoning van sportwedstryde waar die skool optree, geskied in skooluniform.

3.4. Deelnemers aan 'n sportwedstryd of kulturele aktiwiteit, wat die Vrydag of die skooldag waarop die wedstryd/aktiwiteit plaasvind, afwesig is, mag nie die volgende dag speel nie en ook nie die betrokke aktiwiteit bywoon nie.

3.5. Fisiese geweld of lasterlike of onwelvoeglike taalgebruik tydens sportwedstryde of ander buitemuurse aktiwiteite word nie toegelaat nie.

## 4. GEDRAG IN DIE SKOOLGEBOU EN OP DIE SKOOLTERREIN

4.1. Leerders moet flink en langs die kortste pad beweeg tydens klaswisseling. Aan die einde van die dag of met die aanbreek van pouses moet die naaste uitgang gebruik word om die gebou te verlaat.

4.2. Die gebruik van die hoofingang tot die skoolgebou word vir besoekers en personeel gereserveer en leerders maak slegs gebruik van die ander toegange.

4.3. Geen spelery word in die gange toegelaat nie.

4.4. Geen rondlopery deur leerders word tydens klasse toegelaat nie.

4.5. Tydens klaswisseling maak leerders nie gebruik van die kleedkamers nie.

4.6. Fisiese geweld, lasterlike of onwelvoeglike taalgebruik op die skoolgrond is ontoelaatbaar.

4.7. Leerders betoon te alle tye respek teenoor personeel en ander gesagsfigure en voer opdragte van die personeel en studenteraad stiptelik uit.

4.8. Leerders mag tydens pouses slegs na musiek op oorfone luister.

4.9. Tydens formele byeenkomste in die ouditorium word stilte gehandhaaf en die nodige respek vir die vlae, die volkslied en die skoollied betoon.

4.10. Leerders mag nie op die skoolterrein:

- 4.10.1. rook of kougom kou nie;
- 4.10.2. in besit wees van dwelmmiddels, alkoholiese drank, sigarette of aanstootlike leesstof of -materiaal of dit aan ander gee of toon nie;
- 4.10.3. in besit wees van enige vorm van skerp voorwerp of ander wapen nie.

4.11. Motorfietse of motors word nooit deur leerders op die skoolterrein bestuur nie en motorfietse word nie tydens skoolure op die terrein toegelaat nie behalwe in of op 'n aangewese terrein.

## 5. KLASREËLS

5.1. Die klasopvoeder moet, ná oorleg met die klasleerders sowel as hul ouers, klasreëls opstel wanneer hierdie gedragskode

aanvaar word, en aan die begin van elke daaropvolgende skooljaar.

5.2. Die klasreëls moet skriftelik opgestel word en –

5.2.1. onmiddellik by die skoolhoof en die skoolbeheerliggaam ingedien word;

5.2.2. in duidelik leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer aangebring word; en

5.2.3. aan alle leerders en hul ouers beskikbaar gestel word.

5.3. Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls sowel as enige mondelinge opdragte wat die klasopvoeder of enige personeellid gee, en wat redelikerwys noodsaaklik is om hierdie gedragskode uit te voer en/of om die skool behoorlik en professioneel te bestuur.

5.4. Enige oortreding van die klasreëls sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode en skoolreëls beskou word.

## 6. SKOOLDRAG EN SKOOLUITRUSTING

6.1. Op Maandae en vir formele skoolfunksies moet formele skooluniform gedra word soos bepaal deur die skoolbestuur.

6.2. Leerders moet te alle tye in die skool, by skoolfunksies en na sport- en kulturele aangeleenthede in hulle volle voorgeskrewe skooldrag geklee wees. Leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem, is verplig om dit te doen in die uitrusting wat vir daardie besondere sportsoort of sportspan bepaal is.

6.3. Leerders wat tydens of na skoolure in skooldrag verskyn, dra die volledige voorgeskrewe drag en nie slegs dele daarvan nie.

6.4. Geen ander jasse of baadjies mag binne die skoolgebou oor skooldrag gedra word nie.

6.5. Baadjies en truie mag nie in die hand of om die heupe of nek gedra word nie.

6.6. Leerders mag alleenlik metaalwapens van skoolverenigings en studenteraadwapens op hul kleurbaadjies dra.

6.7. Die skoolwapen moet behoorlik op die skoolbaadjie vasgewerk wees en alle knope van die skoolbaadjie moet vasgewerk wees.

6.8. Afwykings van die voorgeskrewe skooldrag moet soggens voor skool aan die Skoolhoof verklaar word by wyse van 'n verduidelikende briefie van die ouers/voog van die betrokke leerder.

6.9. Leerders mag nie in skooldrag ryloop nie.

6.10. Skooltasse moet stewig wees en mag nie beplak of bekrap wees nie.

6.11. Winters- en somersdrag is soos voorgeskryf. Leerders kan volgens eie diskresie sy/haar drag vir die dag kies. Vir spesiale byeenkomste sal voorskrifte aangekondig word.

6.12. Die voorgeskrewe skooldrag vir seuns word uiteengesit in Bylae A.

6.13. Die voorgeskrewe skooldrag vir dogters word uiteengesit in Bylae B.

## 7. VOORKOMS

7.1. Elke leerder is verplig om sy/haar voorkoms sodanig te versorg dat dit 'n geheelbeeld van 'n netjiese persoon projekteer.

7.2. Afgesien van die algemene reël in 7.1 hierbo uiteengesit, is die volgende besondere reëls ook in hierdie verband op seuns van toepassing:

7.2.1. Seuns se hare moenie bosserig vertoon nie, maar moet die buitelyn van die kop volg.

7.2.2. Seuns se hare in die nek moet minstens 1 cm van die kraag af wees as hy normaal regop staan en nie oor die ore en wenkbroue hang as dit regaf gekam word nie.

7.2.3. Bakkebaarde mag nie laer strek as die bokant van die gaatjie van die oor nie.

7.2.4. Seuns se baarde moet elke dag skoon geskeer wees.

7.2.5. Die onnatuurlike kleur van hare is verbode.

7.2.6. Seuns wie se hare nie aan die bogemelde reëls voldoen nie of wat nie andersins netjies vertoon nie, mag aangesê word om die hare onmiddellik op eie koste te laat sny ten einde dit aan die reëls te laat voldoen.

7.2.7. Die enigste juweliersware wat 'n seun mag dra, is 'n polshorlosie en "medic alert"-plaatjie.

7.2.8. Sigbare tatoeërmerke of nabootsels daarvan word nie toegelaat nie.

7.3. Afgesien van die algemene reël in 7.1 hierbo uiteengesit, is die volgende spesifieke reëls in hierdie verband op dogters van toepassing:

7.3.1. Geen uitspattige kapsels of gekleurde hare word toegelaat nie.

7.3.2. Kort hare moet netjies vertoon en wanneer dit op die skouers hang, moet dit vasgemaak word met enige van die volgende: kamme, "alice bands", rekke of materiaalrekke, (almal in vlootblou ("navy")); bruin of deurskynende haarkamme wat inskakel by die kleur van die hare en almal van dieselfde kleur is of goue of silwer metaal haarknippies of gewone bruin haarknippies.

7.3.3. Lang hare moet vasgemaak word met items soos beskryf in 7.3.2 of gevleg word.

7.3.4. Kuiwe moet weg van die wenkbroue wees.

7.3.5. As hare permanent gegolf is, moet dit op so 'n wyse drooggemaak word dat dit netjies vertoon en by 'n skooluniform pas.

7.3.6. Die onnatuurlike kleur van hare is verbode.

7.3.7. Dogters wie se hare nie aan die bogemelde reëls voldoen nie of wat nie andersins netjies vertoon nie mag aangesê word om die hare onmiddellik op eie koste ooreenkomstig die reëls in orde te kry.

7.3.8. Naels moet netjies, goedversorg en kort wees en mag slegs met kleurlose naellak behandel word.

7.3.9. Die dra van grimeermiddels word nie toegelaat nie.

7.3.10. Roklengtes moet sodanig wees dat indien daar op die knieë gestaan word, die afstand tussen die roksoom en die grond nie meer as 16 cm mag wees nie.

7.3.11. Die dra van juweliersware word nie toegelaat nie behalwe vir die volgende items:

Goue of silwer knopies ("studs") aan die ore;

Silwer of goue oorringe ("sleepers") wat nie groter as 15 mm in deursnee is nie;

Polshorlosies en "medic alert" plaatjies.

7.3.12. Indien daar meer as een gaatjie in die oor is, mag die oorring/knopie slegs in die onderste gaatjie gedra word.

# BYLAE A

## SKOOLDRAG: SEUNS

SOMERSDRAG:

- Wit kortmouhemp met skoolwapen
- Grys skoolbroek (lank of kort) van konserwatiewe snit met swart of grys gordel
- Grys sokkies
- Netjiese swart skoolskoene, met veters en sonder sierstiksels op die bo-leer: d.w.s. 'n gladde bo-oppervlakte.
- Die styl moet dié van 'n tradisionele skoolskoen wees.
- Vlootblou skoolbaadjie
- Geen t-hemp met motiewe of gekleurde t-hemp mag onder skoolhemp gedra word nie.

WINTERSDRAG:

- Wit langmouhemp
- Grys skoolbroek (lank) van konserwatiewe snit met swart of grys gordel
- Grys sokkies
- Netjiese swart skoolskoene, met veters en sonder sierstiksels op die bo-leer: d.w.s. 'n gladde bo-oppervlakte.
- Die styl moet dié van 'n tradisionele skoolskoen wees.

- Vlootblou skoolbaadjie
- Skooldas
- Skooltrui opsioneel (donker V-hals met wapen ingeweef)
- Skoolserp

# BYLAE B

## SKOOLDRAG: DOGTERS

SOMERSDRAG:

- Wit kortmouhemp met skoolwapen. Hierdie hemp mag nie ingesteek gedra word as somerdrag nie.
- Vlootblou romp (romp se lengte - maximum van 16 sentimeter vanaf vloer gemeet, indien dogter op hulle knieë staan. Hierdie is slegs 'n riglyn - die lengte van die dogter se bene is bepalend)
- Wit skoolsokkies
- Netjiese swart skoolskoene, met veters of gespes en sonder sierstiksels op die bo-leer
- Vlootblou skoolbaadjie
- Skooldas (dogters mag nie das dra by hul hemp in somer nie)

WINTERSDRAG:

- Wit langmouhemp
- Vlootblou romp
- Skooldas
- Vlootblou lang kouse (cameo skoolkouse)
- Geen kort sokkies mag onder die kouse gedra word nie. Kouse mag nie geleer of geskeur word nie.
- Netjiese swart skoolskoene, met veters of gespes en sonder sierstiksels op die bo-leer
- Vlootblou skoolbaadjie
- Skooltrui opsioneel (donker V-hals met wapen ingeweef)
- Skoolserp

### 8. SKOOLEIENDOM

8.1. 'Skooleiendom' sluit die volgende in:

8.1.1. Die grond en geboue wat deur die skool beset word sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue.

8.1.2. Alle ander eiendom, wat toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit, wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word.

8.2. Aangesien die skool ontwikkel en opgerig is vir gebruik deur alle leerders wat daar skoolgaan, is alle leerders verplig om alles in hul vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool gebruik kan word.

8.3. Geen leerder mag enige skooleiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraftoestemming van die Skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.

8.4. Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël geld vir eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop.

8.5. Leerders mag nie enige skooleiendom beskadig, skend of vernietig nie. Enige leerder wat enige skooleiendom opsetlik misbruik, beskadig of verniel, moet dit vervang of daarvoor betaal. Vernietiging en/of beskadiging van eiendom is 'n strafbare oortreding.

### 9. SKOOLWERK EN HUISWERK

9.1. Daar sal te alle tye 'n ordelike atmosfeer in die klaskamer heers. Leerders mag nie onderrig versteur of verhinder nie.

9.2. Leerders moet klasopdragte stiptelik nakom.

9.3. Alle leerders sal 'n huiswerkboek ingevolge die klasopvoeder se voorskrifte hou en bywerk.

9.4. Leerders moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik teen die bepaalde spertyd by die betrokke opvoeder indien. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, kan slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, 'n skriftelike nota van sy/haar ouers, met 'n aanvaarbare verduideliking, vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.

9.5. Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal as 'n oortreding van hierdie reël beskou word.

9.6. Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.

### 10. VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN DIE GEDRAGSKODE

10.1. Leerders kan op kulturele, godsdienstige of mediese gronde skriftelik by die beheerliggaam aansoek doen om algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items wat in die gedragskode vervat is.

10.2. Sodanige aansoek moet volledige redes bevat en stawende bewyse insluit. Die bewyslas rus op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.

10.3. Aansoeke om vrystelling sal slegs aan die begin van elke skooljaar oorweeg word, tensy dringendheid of veranderende omstandighede aangevoer kan word.

10.4. In die oorweging van 'n aansoek om vrystelling sal die beheerliggaam geregtig wees om enige inligting in te win wat hy vir 'n regverdige beoordeling van die aansoek kan nodig ag.

10.5. Die beheerliggaam sal die aansoek om vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid, en binne die raamwerk van die Grondwet en hofuitsprake oorweeg, en die leerder skriftelik van sy besluit inlig.

10.6. In die geval van die oortreding van enige bepaling in hierdie gedragskode of die skool se koshuisreëls, sal die voorgeskrewe dissiplinêre prosedure gevolg word.

# DISSIPLINE

### 1. PROSEDURE VIR DISSIPLINÊRE OPTREDE TEEN LEERDERS

1.1. In geval van die oortreding van enige bepaling wat in die gedragskode vir leerders voorgeskryf word, moet hierdie dissiplinêre prosedure gevolg word. Vir die toepassing van hierdie dissiplinêre prosedure word wangedrag in drie kategorieë verdeel. Dit stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat gedoen kan word en die verskillende prosedures wat gevolg kan word in die hantering van wangedrag.

1.2. Vir doeleindes van prosedurele aangeleenthede sal oortredings van koshuisreëls as oortredings van die gedragskode beskou word, en sal dieselfde prosedurele vereistes, met die nodige aanpassings na gelang van omstandighede, geld.

1.3. Enige verwysing na die beheerliggaam in hierdie dissiplinêre prosedure sluit die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam in.

### 2. DETENSIE

2.1. Oortredings word geklassifiseer in kategorieë I, II en III na gelang van die erns van die oortreding (sien aangehegte lys).

2.2. Aan elke oortreding word 'n sekere aantal strafpunte gekoppel.

2.3. Detensie vind op Vrydae plaas vanaf 14:45 - 16:45 (2 uur detensie).

2.4. Sodra 'n leerder se strafpunte opgeloop het tot 8 punte, word hy/sy op detensie geplaas, wat dan die 8 strafpunte kanselleer. Die oortredings bly egter op die leerder se rekord.

2.5. Oortredings wat 8 strafpunte en meer verdien, moet deur die graadhoof van daardie leerder hanteer word.

2.6. Wanneer 'n leerder vir die derde keer in 'n kwartaal op detensie geplaas word, word die betrokke leerder se ouers deur die graadhoof gespreek.

2.7. Indien 'n leerder 4 keer detensie gesit het, verskyn hy/sy saam met sy ouers voor 'n komitee bestaande uit lede van die skoolbestuur.

2.8. Leerders wat kategorie III oortredings begaan het, verskyn outomaties voor die beheerliggaam se tugkomitee.

2.9. Geen leerders se detensie sal uitgestel word nie. Geen verskonings soos ouers wat die naweek weggaan of leerders wat moet werk, sal aanvaar word nie.

2.10. Aan die einde van elke skoolkwartaal word die strafpunte van alle leerders wat minder as 8 punte het, afgeskryf.

2.11. Leerders wat detensie bank, verskyn saam met hul ouers voor 'n komitee bestaande uit lede van die skoolbestuur.

## 3. KATEGORIE C-WANGEDRAG

3.1. In geval van die oortreding van enige van bovermelde bepalings, moet sodanige oortreding na die beheerliggaam verwys word, en is die beheerliggaam by magte om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

3.1.1. In geval van die oortreding van die gedragskode deur lede van die VRL en ander skoolleiers:

Saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir 'n tydperk van tot ses weke,

of afdanking en permanente verwydering uit die VRL of 'n ander leiersamp in die skool.

3.1.2. Na afloop van 'n verhoor waarin enige leerder skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die gedragskode, kan die beheerliggaam sodanige leerder enige van voormelde strawwe oplê, of die leerder skors, of by die Onderwyshoof aanbeveel dat die leerder uit die skool uitgesit word.

3.2. Indien daar op slegs skorsing as 'n straf besluit word, kan die beheerliggaam die leerder vir tot sewe skooldae skors.

3.3. Indien die beheerliggaam besluit om die uitsetting van die leerder by die Onderwyshoof aan te beveel, kan die beheerliggaam die leerder vir 'n redelike tydperk van tot veertien skooldae skors, hangende die Onderwyshoof se beslissing.

## 4. VOORKOMENDE SKORSING

Die beheerliggaam kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n leerder wat vemoedelik ernstige wangedrag (kategorie C) gepleeg het vir tot sewe skooldae van skoolbywoning skors, maar kan slegs sodanige skorsing oplê nadat die leerder 'n redelike geleentheid ontvang het om vertoë in verband met sodanige skorsing aan die beheerliggaam te rig.

## 5. DISSIPLINÊRE VERHOOR

5.1. Voorlopige ondersoek

Wanneer 'n leerder na bewering of vermoedelik 'n ernstige oortreding (kategorie C) begaan het, kan die skoolhoof 'n ondersoekbeampte aanstel. Laasgenoemde sal inligting insamel sodat die skoolhoof kan besluit of 'n dissiplinêre verhoor nodig is.

5.2. Verhoor

5.2.1. Die ondersoekbeampte stel 'n klagstaat op, en die ouers en leerder ontvang skriftelik kennis van sowel die klag as die plek, datum en tyd van die verhoor. Hierdie reëlings word in oorleg met die dissiplinêre komitee getref.

5.2.2. Die kennisgewing moet genoeg inligting bevat oor die datum, plek en aard van die beweerde oortreding.

5.2.3. Minstens vyf skooldae moet tussen die oorhandiging van die kennisgewing en die verhoor verloop.

5.2.4. Die beheerliggaam stel die dissiplinêre komitee aan. Die voorsitter van die komitee moet 'n lid van die beheerliggaam wees. Die dissiplinêre komitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor namens die beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is, en sal geregtig wees om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige strafmaatreël en die aanbeveling van uitsetting by die Onderwyshoof.

5.2.5. Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie.

5.2.6. Die leerder moet deur sy/haar ouer of 'n persoon wat deur die ouer aangewys word, bygestaan word. In die geval van ernstige oortredings het die leerder die reg om aansoek te doen om deur 'n regsverteenwoordiger of ander persoon wat deur die ouer van die leerder aangewys word, verteenwoordig te word. Sodanige aansoek moet minstens twee skooldae voor die aanvang van die verhoor aan die voorsitter van die dissiplinêre komitee gerig word. Geen ander persone behalwe bogenoemde mag die verhoor namens die beskuldige leerder bywoon nie.

5.2.7. Wanneer 'n leerder regsverteenwoordiging het, kan die leerder die dissiplinêre prosedure verkort deur 'n pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die voorsittende beampte te sluit.

5.2.8. Benewens minderjarige leerders se reg om deur middel van tussengangers te getuig, soos dit in artikel 8(7)-(9) van die Skolewet uiteengesit word, sal minderjarige leerders (hetsy as beskuldigdes of as getuies) ook geregtig wees om gedurende dissiplinêre verrigtinge deur hul ouers of 'n opvoeder van hul keuse bygestaan te word. 'n Persoon wat 'n leerder bystaan, sal egter nie geregtig wees om enige vrae namens die leerder te beantwoord of die dissiplinêre komitee toe te spreek nie.

5.2.9. Leerders wat by dissiplinêre verrigtinge betrokke is, sal ook geregtig wees op ondersteuning, advies en berading deur opvoeders wat vir daardie doel deur die skoolhoof of die beheerliggaam aangewys is, met dien verstande dat sodanige opvoeder nie die leerder by die dissiplinêre verhoor mag bystaan tensy die ouer van die leerder die opvoeder daartoe magtig nie.

5.2.10. Indien die leerder en/of sy/haar ouers en/of verteenwoordiger ondanks behoorlike kennisgewing afwesig is, kan die verhoor in hul afwesigheid voortgaan.

5.2.11. Die verhoor moet billik en regverdig wees, en sal volgens die voorskrifte van die toepaslike provinsiale wetgewing geskied. Die aanklaer en leerder (of die leerder se verteenwoordiger namens die leerder, indien van toepassing) moet die geleentheid gegun word om hul saak te stel, kan vrae aan getuies stel, kan getuies roep, en kan dokumente wat op die saak betrekking het, ondersoek of voorlê.

5.2.12. Die lede van die dissiplinêre komitee sal self ook geregtig wees om getuies te roep, bykomende getuies of getuienis aan te vra, vrae aan getuies te stel, of enige aspek verder te ondersoek of te laat ondersoek wat billikheid en regverdigheid kan bevorder.

5.2.13. Nadat die getuienis aangehoor is, neem die komitee 'n besluit oor die



leerder se skuld of onskuld. Vir doeleindes hiervan, of vir doeleindes van 'n beslissing oor enige geskil wat gedurende die verrigtinge ontstaan, sal die komitee geregtig wees om vir 'n redelike tydperk te verdaag ten einde sy beslissing te oorweeg. Sodanige oorweging sal agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

5.2.14. Indien die leerder skuldig bevind word, sal die leerder en die aanklaer nog 'n geleentheid ontvang om getuienis aan te bied en/of vertoë te rig oor versagtende en verswarende omstandighede wat die komitee in ag moet neem ten einde 'n gepaste straf op te lê. Ten einde 'n gepaste straf te oorweeg, sal die komitee geregtig wees om weer vir 'n redelike tydperk te verdaag. Sodanige oorweging sal ook agter geslote deure geskied en slegs deur lede van die komitee bygewoon word.

5.3. Uitspraak en strafmaatreël

5.3.1. In geval van 'n skuldigbevinding moet die beslissing van die dissiplinêre komitee, wat die opgelegde sanksie insluit, binne hoogtens vyf skooldae skriftelik aan die leerder en sy/haar ouers en die aanklaer oorgedra word.

5.3.2. Ondanks enige skuldigbevinding en strafmaatreël wat deur die beheerliggaam opgelê word, kan enige belanghebbende enige oortreding van die gedragskode wat op 'n strafregtelike oortreding kan neerkom, vir ondersoek na die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys.

## 6. INTERNE APPÈL

6.1. 'n Party wat ontevrede is met die uitslag van dissiplinêre verrigtinge voor die beheerliggaam se dissiplinêre komitee sal die reg hê om binne 24 uur nadat hy/sy die skriftelike uitslag, ontvang het, skriftelik by die voorsitter van die beheerliggaam teen die skuldigbevinding, die opgelegde strafmaatreël, of albei, te appelleer.

6.2. Die kennisgewing van appèl moet die gronde vir die appèl duidelik uiteensit.

6.3. Binne 24 uur na ontvangs van die kennisgewing van appèl moet die voorsitter van die beheerliggaam 'n appèlkomitee saamstel wat uit 'n lid van die beheerliggaam as voorsitter, en minstens twee ander kundige persone bestaan. Die lede van die dissiplinêre komitee wat die saak aangehoor het, kan nie in die appèlkomitee ook dien nie.

6.4. Die voorsitter van die beheerliggaam moet die kennisgewing van appèl aan die voorsitter van die appèlkomitee en die ander party in die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee oorhandig en toesien dat die rekord van die dissiplinêre verrigtinge tot die appèlkomitee se beskikking gestel word.

6.5. Die ander party sal geregtig wees om binne 24 uur na ontvangs van die kennisgewing van appèl in reaksie daarop vertoë aan die voorsitter van die appèlkomitee te rig.

6.6. Die appèlkomitee sal by oorweging van die appèl beperk wees tot 'n oorweging van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee, die kennisgewing van appèl, en enige vertoë wat die ander party voorlê.



6.7. Enige party wat verdere getuienis, wat nie deel uitmaak van die rekord van die verrigtinge voor die dissiplinêre komitee nie, vir oorweging aan die appèlkomitee wil voorlê, moet skriftelik om toestemming by die voorsitter van die appèlkomitee aansoek doen. In geval van die appellant moet sodanige aansoek in die kennisgewing van appèl vervat wees, en in geval van die ander party moet dit binne 24 uur na oorhandiging van die kennisgewing van appèl geskied.

6.8. Die aansoek om nuwe getuienis voor te lê moet 'n volledige verduideliking bevat waarom die getuienis nie gedurende die dissiplinêre verrigtinge beskikbaar was of aangebied is nie, moet die aard van die getuienis uiteensit, en moet die tersaaklikheid van die getuienis vir die oorweging van die appèl uiteensit.

6.9. Die appèlkomitee moet binne sewe skooldae na ontvangs van die kennisgewing van appèl sy besluit skriftelik aan die partye bekend maak.

6.10. Enige strafmaatreël wat deur die dissiplinêre komitee opgelê is, word opgeskort hangende die beslissing van die appèlkomitee.

6.11. Met die oorweging van die appèl kan die appèlkomitee:

6.11.1. die beslissing van die dissiplinêre komitee oor die skuldig- of onskuldigbevinding en/of strafmaatreël ter syde stel of handhaaf;

6.11.2. 'n alternatiewe strafmaatreël oplê (wat 'n swaarder straf insluit); en

6.11.3. enige ander beslissing gee wat die appèlkomitee in die omstandighede as billik of regverdig ag.

## 7. ALGEMENE BEPALINGS

7.1. Die beheerliggaam moet behoorlik van die dissiplinêre verrigtinge rekord hou. Vir hierdie doel kan die beheerliggaam 'n persoon aanwys om die verrigtinge te notuleer of elektronies op te neem. Sodanige persoon sal nie deel uitmaak van die komitee nie.

## 8. ASSESSERING ONREËLMATIGHEDE

Verwys na die assesseringsbeleid vir volledige uiteensetting van ongeruimdhede en onreëlmatighede. Indien kandidate hulself skuldig maak aan een of meer van die volgende oortredings tydens enige formele assessering, sal hulle vertoë aangehoor word deur die SAIC en die punte behaal in die betrokke vak, kan na nul verander word.

8.1. Indien hy/sy in besit van ongemagtigde materiaal gevind word, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, elektroniese apparaat, notas of enige iets wat die kandidaat onregmatig kan bevoordeel nie.

8.2. Gevang word dat hy of sy afskryf van 'n mede-kandidaat se werk.

8.3. Gevang word dat hy of sy afskryf van afskryfnotas in sy besit.

8.4. Enige antwoordboeke/antwoordskrifte uit die lokaal verwyder en/of dit later probeer terugbesorg.

8.5. 'n Stoornis veroorsaak en/of die gladde verloop van die eksamen en/of toetse en/of assessering in die gedrang bring.

8.6. Opdragte van die toesighouers ignoreer.

8.7. Eksamen en/of toetse en/of ander vorme van gekontroleerde assessering namens iemand anders skryf.

8.8. Onder die invloed van 'n verbode middel is.

# TIPES OORTREDINGS

## KATEGORIE I

| KODE | BESKRYWING | PUNTE |
|---|---|---|
| A01 | Betreding van verbode area | 2 |
| A02 | Daag nie op vir afspraak | 2 |
| A03 | Eet in klas en kougom kou | 2 |
| A04 | Eet of drink in rekenaarlokaal | 4 |
| A05 | Fisiese kontak (Druk en soen of in mekaar se skote lê.) | 4 |
| A06 | Intimidasie: minder ernstig | 4 |
| A07 | Klasontwrigting: pla ander / ontneem suksesvolle leer (ook geraas vanuit gang) | 4 |
| A08 | Kras taalgebruik | 2 |
| A09 | Laat vir detensie | 4 |
| A10 | Laat vir klas sonder geldige verskoning | 2 |
| A11 | Laat vir skool sonder geldige verskoning | 2 |
| A12 | Loop rond in skoolgebou sonder toestemming (moet kaartjie aan baadjie dra) | 2 |
| A13 | Netheid: oortreding in 'n ligte graad (baard) | Skeer + 2 |
| A14 | Netheid: oortreding in 'n ligte graad (naels, hare, romplengte) | 2 |
| A15 | Netheidskontrole: oortreding na eerste oortreding | 4 |
| A16 | Ongehoorsaamheid: herhalend/doelbewus | 4 |
| A17 | Ongehoorsaamheid: minder erg | 2 |
| A18 | Onwelvoeglike gedrag: minder ernstig | 2 |
| A19 | Rekenaargedragskode: doelbewus/herhalend | 4 |
| A20 | Redenaargedragskode: minder ernstig | 2 |
| A21 | Rommelstrooi | 2 |
| A22 | Selfoon in klas/tydens klaswisseling gebruik | R50 boete + 4 |
| A23 | Selfoon lui in klas | R10 |
| A24 | Slordige skooluniform | 2 |
| A25 | Staan in rokerskring | 4 |
| A26 | In besit van sigarette/aansteker | 4 |
| A27 | Stokkiesdraai in skool – 1 periode | 4 |
| A28 | Swak gedrag in minder ernstige graad | 2 |
| A29 | Swak gedrag: herhalend | 4 |
| A30 | Tuiswerk afskryf | 2 |
| A31 | Vergeet afskeurstrokie (2 dae grasie) | 1 |
| A32 | Vergeet afwesigheidsbriewe (2 dae grasie) | 1 |
| A33 | Vergeet detensiebrief (volgende dag terug) | 1 |
| A34 | Verkeerde skooluniform sonder toestemming | 2 |
| A35 | Verloor van gedrag- of akademiese drakaart | 4 |

## KATEGORIE II (DEUR GRAADHOOF HANTEER)

| KODE | BESKRYWING | PUNTE |
|---|---|---|
| B01 | Baklei: minder ernstig | 8 |
| B02 | Ernstige graad van arrogante gedrag | 8 |
| B03 | Ernstige graad van onwelvoeglike gedrag | 8 |
| B04 | Ernstige grade van vloek | 8 |
| B05 | Herhaalde uittarting van gesag | 8 |
| B06 | Oneerlikheid tydens toets | 8 |
| B07 | Oneerlikheid: blatante leuens | 8 |
| B08 | Ontduiking van detensie | 8 |
| B09 | Ontwrigting in klas: ernstige graad | 8 |
| B10 | Ontwrigting tydens byeenkoms: ernstige graad | 8 |
| B11 | Rekenaargedragskode: ernstige graad | 8 |
| B12 | Rook in skooldrag/skoolfunksies | R50 boete + 8 |
| B13 | Stokkiesdraai: huis toe/dros | 8 |
| B14 | Swak gedrag: gee ernstig aanstoot | 8 |
| B15 | Vandalisme: (banke, plakkate, borde) | 8 |
| B16 | Wangedrag tydens detensie | 8 |

## KATEGORIE III (DEUR SENIORBESTUUR / SBL HANTEER)

| KODE | BESKRYWING | PUNTE |
|---|---|---|
| C01 | Seksuele wangedrag | Strafpunte 16 - 25 of verhoor deur SBL afhangende van situasie |
| C02 | Aanranding | |
| C03 | Afdreiging / Intimidasie: ernstige graad | |
| C04 | Baklei: ernstig | |
| C05 | Besit van onwelvoeglike materiaal | |
| C06 | Diefstal | |
| C07 | Drankgebruik / onder invloed / in besit van op skoolgrond / funksies | |
| C08 | Dwelmgebruik / onder invloed / in besit van op skoolgrond / funksies | |
| C09 | Ernstige oortreding in publiek | |
| C10 | Gevaarlike wapens | |
| C11 | Herhaaldelike viktimisasie: ernstige graad | |
| C12 | Onsedelike aanranding | |
| C13 | Saakbeskadiging: uiters ernstig | |
| C14 | Verbale aggressie in ernstige graad teenoor persone | |

# HOËRSKOOL DURBANVILLE

DURBANVILLE

LABOR ORNAT

t 021 976 3188
f 021 976 3189
admin@durbanvillehs.co.za
www.durbanvillehs.co.za
Langenhovenstraat, Durbanville 7550
Posbus 417, Durbanville 7551